

BOEKBESPREKING

Mulder, dr. M. J.: *De Targum op het Hooglied*. In die reeks Exegetica. Amsterdam, Ton Bolland, 1975, 128 pp. Verkrygbaar by Verenigde Protestantse Uitgewers, Posbus 1822, Grey's Pass, Kaapstad.

'n Targum is 'n Aramese vertaling van die Ou Testament. In hierdie publikasie gee dr. M. J. Mulder van die V.U. te Amsterdam 'n uitgebreide bespreking van die targum op die Hooglied. Dit is sy besondere belangstellingsveld hierdie, en sy wye belesenheid blyk o.a. uit die uitgebreide literatuurlys wat oor die onderwerp handel (meer as 160 titels!).

Die onderwerp is nogal tegnies en gespesialiseerd van aard. Dit is meer vir persone bedoel wat in die Judaïca en die dialoog met die Jodendom belangstel as vir die deursnee-teoloog. Vir diegene wat wel daarin belangstel, word hier egter 'n besonder deeglik bestudeerde en gedokumenteerde stuk werk aangebied. Dit sluit in 'n redelik letterlike vertaling van die Targum in Nederlands.

Die boek is wel van belang vir die Hermeneutiek vanweë die sterk allegoriserende verklaringswyse daarvan, wat vir die ou rabbyne en selfs vir baie kerkvaders sedert Origenes eintlik die regverdiging vir die opneem van die Hooglied in die kanon was. Dit is dus ook van belang vir die studie van die Kanoniek.

Die Targum op die Hooglied, soos op die ander vyf megillôt, dra meer die karakter van 'n midras, 'n verklaring, as van 'n blote vertaling. Dit word dan verklaar as 'n allegoriese gedig van „die profeet Salomo” waarmee hy die hele heilsgesiedenis, van die skepping tot die laaste dag, profeties belig. Dit het dus met die natuurlike liefde van man en vrou niks te make nie. Hoewel dr. Mulder nie hierdie konsekwent allegoriese verklaring onderskryf nie, sê hy tog: „We achten ook heden nog de allegorisch-typische uitlegmetode van het Hooglied legitiem, gezien het (waarschijnlijke) verloop van de geschiedenis van de kanonisatie van dit lied... Om deze stelling voor het heden te concretiseren en te actualiseren, kan lezing van die vertaling van de targum op het Hooglied mischien enige dienst bewijzen...” (p. 45). Koos van Rooy.

BOEKBESPREKING

Dr. J. G. Woelderink: *Verbond en bevinding*. Ton Bolland, Amsterdam 1974. Prys: R9,47. Verkrygbaar by: Ver. Protestantse Uitgewers, Posbus 1822, Grey's Pass, Kaapstad.

Hierdie boek is eintlik 'n versameling van 'n elftal kleinere studies van die in Nederland vroeër baie bekende ds. J. G. Woelderink. Woelderink was 'n predikant in die Nederl. Herv. Kerk. 'n Tydlank was hy lid van die Gereformeerde Bond. Ds. C. van der Waal het hierdie bundel versamel en van 'n baie treffende inleiding voorsien.

Ds. Woelderink wat in die vyftiger jare 'n eredoktoraat in die teologie van die Universiteit van Utrecht ontvang het, was werk-

lik 'n teoloog. Hy het hom diep ingegrawe in die teologie van die reformatore. Daarbenewens was Woelderink ook 'n uitnemende pastoor gewees.

Die onderwerpe wat in hierdie boek bespreek word, handel oor die geloof, die verbond, die prediking, die plek van die bevinding in die geloofslewe en die verband tussen belydenis en nagmaal. Woelderink het sterk invloed uitgeoefen op die Geref. Bond in die Herv. Kerk en op die Chr. Geref. Kerken en later op die Vrij-gemaakte Kerken in Nederland. Hy het hom veral gekeer teen die sg. mistisisme, 'n rigting wat tekort doen aan die Woord, die beloftes van God en die bevinding tot die grond van die geloof maak. Dit verklaar waarom Woelderink se teologie hier en daar reaksie-teologie is. Dit het byvoorbeeld duidelik aan die lig gekom in sy bekende studie oor die uitverkiesing. Uit reaksie teen 'n verkiesings-skematisme, ontkom hy nie heeltemal aan 'n soort van verkiesings-idealisme nie. Woelderink sou beter gedoen het om in navolging van die reformatore nie met die verkiesing te begin nie, maar om vanuit die Evangelie en die geloof in die Evangelie tot die verkiesing op te klim. Ek is daarom bly dat ds. Van der Waal Woelderink se studie oor die uitverkiesing nie in hierdie boek opgeneem het nie.

Wat wel opgeneem is, is besonder die moeite werd om te lees en te oordink. Wat Woelderink geskryf het, is pastoraal bewoë en wil werklik die gemeente van die Here dien. Die hoofstukke oor geloof en bevinding (p. 1 e.n.) en „De plaats van de bevinding in het leven des geloofs” (p. 174), getuig van teologiese insig en pastorale wysheid. Woelderink praat nêrens met geringskatting oor die bevinding nie, maar hy gee die bevinding sy regmatige plek in die geloofsbeleving. Woelderink blyk ook goed ingegrawe te wees in die teologie van die sg. Nadere Reformasie. Hy ken die boeke van die „Oude schrijvers” of soos ons hulle noem „die outeurs”. Woelderink waarsku o.i. tereg teen objektivering van die bevinding en teen vereenselving van menslike belewenisse met die openbaring van God. Aan die anderkant is Woelderink net so bang vir 'n ver-rasionalisering van die geloof asof geloof alleen maar 'n verstandelike kennis sou wees.

Ons is dankbaar dat daar hernude belangstelling vir Woelderink is. Ons kan hierdie boek — al sou ons op bepaalde onderdele sake miskien iets anders stel — graag by ons lesers aanbeveel. Elke predikant sal in die praktyk van die pastoraal by Woelderink baie dinge vind, wat hom sal help by die uitoefening van sy so hoogs belangrike taak.

L. F